Mei 2022

# Stellenberger

## Pinkster fokus op die ritmes van die lewe

Deur: ds. Johan Visser

**Tom Smith skryf in sy boek *Raw Spirituality* daar is sekere ritmes aan die hart van ons verhouding met Jesus, wat ons lewens as kinders van God, orden. Hierdie ritmes gee aan ons 'n duidelike visie vir ons lewenspad, helderheid oor ons roeping, asook oor ons daaglikse kontak met God, mekaar en alle ander mense, waarsonder ons lewe leeg en doelloos sal wees. Ons benodig hierdie ritmes omdat dit ons ook help om iewers te behoort.**



Ek gaan tydens my aanbieding van die komende Pinksterreeks swaar leun op Tom Smith se handleiding *Rhythm of life*, omdat ek glo elke gelowige kan baie waarde uit die ontginning van hierdie ritmes put.

Die handleiding sal aan Pinkstergangers – as medereisigers tydens Pinkster – beskikbaar gestel word. Ek wil vra dat lidmate in die Pinkstertyd daagliks moet stilword en die *Lectio Divina*-metode, wat in die handleiding omskryf word, sal benut om hulle eie, individuele ritmes saam met Jesus te orden en te beoefen. Die Bybel moet gelees en gehoor word en die *Lectio Divina*-metode is 'n ou luistermetode van die vroeë kerk, wat ons steeds kan help om die Bybel te "hoor". Gebruik asseblief die handleiding om saam met my in die teks van die dag te wandel en die beskikbare vrae te bestudeer.

Die handleiding kan op die gemeente se webwerf, afgelaai word en harde kopieë sal ook tydens Pinkster in die kerk se voorportaal beskikbaar wees. In die handleiding word ag ritmes van 'n mens se geestelike lewe aangeraak. Die ritmes word soos volg uiteengesit:

- Watter beeld het ek van God en myself?
- Hoe lyk my ontmoetings met God?
- Wie is my reisgenote?
- Wat is die unieke bydrae wat ek kan lewer?
- Hoe kan ek tot seën vir my gemeenskap wees?
- Hoe gebruik ek my tyd en hulpbronne?
- Wie, wat tans uitgesluit is, verwag God van my om in te sluit.
- In watter deel van my lewe benodig ek heling?

Ek is opgewonde oor die Pinksterreeks en die voorreg om dit met julle, my medereisigers, op elkeen van ons se geloofspad, te deel.

Vervolg op bl.2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1


Die Pinksterreeks begin op Sondag 29 Mei om 09:00 in die kerk. Die familie- en meditatiewe dienste skakel dan ook by dié Pinksterdiens in. Vanaf Maandag 30 Mei tot 2 Junie word Pinksterdienste om 19:00 in die kerk aangebied met Kinderpinkster in dieselfde tydgleuf in die kleinsaal. Oggendpinkster is vanaf 30 Mei tot 3 Junie om 10:00 in die kerk. Die Pinksterreeks word op Sondag 5 Junie om 09:00 met die Pinksterfees en die viering van die nagmaal afgesluit.

# Kinderpinkster

**Die kinderpinksterreeks vir kinders van graad 1-6 is gebaseer op die gemeente se pinksterreeks: Ritmes van die lewe. Vir die jongspan word die tema as "mission possible" verpak om dit vir hulle meer aantreklik te maak.**

God se kinders is sy agente op aarde en ons opdrag is om ander van sy groot liefde vir mense te vertel. Daarmee saam moet ons ook sy liefde teenoor ander uitleef. Met God se krag kan ons sy opdragte uitvoer en daarom is die tema "mission possible" en nie "mission impossible" nie.

Daar is belangrike dinge wat God se agente moet weet om ’n verskil in hierdie wêreld te maak. Sluit vanaf Maandag 30 Mei tot Donderdag 2 Junie om 19:00 aan by Kinderpinkster om jou opleiding as agent van God te begin. Die agente-hoofkantoor is in die kleinsaal waar daar hope pret en lekker uitdagings sal wees.




**Stellenberger**

**Samesteller:** Sanèl Joubert

**Taalversorging:** Annemarie Spies

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal www.stellenberg.co.za

# ’n #Werkbesoek in plaas van huisbesoek

**Ds. Johan Visser is opgewonde om ’n nuwe bedieningsmetode, naamlik werkbesoeke, aan lidmate bekend te stel. “Werkbesoeke bied bo en behalwe huisbesoeke, aan ons as leraars ’n bykomende geleentheid om kontak met lidmate te maak,” sê Johan. “In die eerste rondte van dié nuwe bediening wil ons graag lidmate wat hul eie ondernemings bedryf, besoek. Ons plaas dan ook graag ’n foto van die besoek op ons gemeente se sosialemediaplatforms om sodoende ’n bietjie blootstelling aan die ondernemings te bied.**




Blanco Barnard (links) en Johan Visser (regs) by Blanco se besigheid, *Chaos Computers.*

"Met die uitdagings wat die Covid-19-pandemie veral aan die eienaars van besighede gestel het, wil ons graag op dié manier ’n hand van ondersteuning en ontferming aan besigheidseienaars in ons gemeente uitreik. Indien jy nie jou eie besigheid het nie, maar behoefte daartoe het dat ’n leraar jou werkplek besoek, is jy steeds welkom om so ’n versoek aan enige leraar in die leraarspan te rig.

“Uit vorige ervarings het ek beleef dat daar iets besonders gebeur wanneer ’n mens saam met ’n lidmaat op die markplein bid. Jy is dan op daardie persoon se tuisveld en saam met hom/haar op die plek waar die spreekwoordelike tekkie die teer slaan. Oor die jare heen het ek beleef dat opbouende gesprekke oor die lief en leed van die lewe, werksuitdagings en die spanning en ekonomiese uitdagings wat aan gesinne en broodwinners gestel word, tydens sulke besoeke plaasvind.

“Dit is vir my as leraar ook belangrik om self te sien waarmee my lidmate hulle daagliks besig hou en watter uitdagings hulle daagliks moet bestuur. Ons raak so vinnig verwyder van mekaar en uit voeling met die uitdagings wat medegelowiges moet hanteer. Hierdie ervarings, of uitdagings waarmee lidmate te doen kry, het dan uiteindelik ’n direkte invloed op ons prediking en bedieningstyle.

“Dit is vir my heerlik om saam met ’n besigheid se span te bid en ’n kort Bybelstudie saam met hulle te doen. Ek het al by gesprekke betrokke geraak waar gemoedere hoog geloop het en ek moes help om vure dood te slaan, maar dan is dit vir my ’n besondere seën om agterna te hoor dat na my besoek die besigheid se personeel nou op Maandagoggende saam bid vir die week wat voorlê en ook vir mekaar.”

# Die Malherbes getuig van oorvloedige genade

Deur: Esmé Malherbe

**Ons gesin het laas jaar 'n groot skrik, maar met 'n gelukkige einde, beleef. Ons deel dié storie uit dankbaarheid as 'n getuienis vir die genade wat ons ontvang het.**

Die langnaweek van 24 September 2021 het ons saam met familie by De Wetsbaai in Bettysbaai gekuier. Ons seun, Liam, toe 17 jaar oud, neem graag foto's en het vroegoggend op die 25ste opgestaan om die sonsopkoms op kamera vas te vang. Die paadjie op na die baken bo-op die berg is al vir geslagte uitgetrap en is bekend vir die familie. Dié oggend het hy besluit om 'n ander pad te klim, aangesien hy gehoop het om 'n nuwe uitsig met die kamera vas te lê.





Die opklim was moeilik en hy het nie aanvanklik besef hoe steil hy klim nie, totdat hy later ontdek het dat hy homself vasgeklim het – hy kon nie op of af beweeg nie. Gelukkig kon hy 'n plek vind waar hy kon sit en het eers 'n hele tyd daar bly sit. Ek as ma raak nog steeds emosioneel as ek nadink oor hoe alleen my kind daar op die rotswand moes voel en wat alles deur sy gedagtes moes gegaan het. In daardie stadium was ons nog onbewus dat hy gaan foto's neem het en nie by die huis was nie.

Toe Liam besef hy sal nie sonder hulp kan afkom nie, het hy vir Dawie (my man) gebel om hulp te vra sodat hulle saam 'n pad af kon vind. Een van die wonderwerke van daardie dag is dat hy sy selfoon by hom gehad het – die battery was gelaai en hy het data gehad – dit gebeur min! Ons was aanvanklik nie baie bekommerd toe ons sy oproep ontvang het nie, aangesien ons almal die berg goed ken. Maar in daardie stadium het ons nie besef hoe hoog op hy was nie. Ek kon van die huis se stoep af sien hoe Dawie teen die berg begin stap en klim soos Liam aan hom verduidelik het. Ek het hom nie verder dopgehou nie en is binnetoe – doodgerus dat hulle binnekort weer terug sou wees.

Kort daarna sien ek egter flitsende boodskappe op my selfoonskerm – een na die ander stemboodskappe van Liam wat sê dat hy en sy pa geval en baie seergekry het en dat ons vir hulp moet bel.

Dawie vertel dat hy tot onder die krans gekom het waar Liam vasgekeer was en toe aan hom probeer beduie het hoe om af te klim. Liam het vatplek gesoek terwyl hy ondertoe geklim het, maar omdat daar onlangs 'n brand was, was die bossie waaraan hy vasgeklou het, nie stewig genoeg geanker nie en Dawie moes magteloos toekyk hoe Liam 15 meter ondertoe val.

Vervolg op bladsy 5 . . .

Met die val het Liam bo-op Dawie te lande gekom en teen die skuinste is albei toe al rollende teen die hang af.

Intussen het ek en my swaer gejaag tot by die plek waar Dawie se motor staan en self teen die berg begin opklim. Halfpad teen die berghang vind ons toe vir Liam – nerfaf en in pyn. Ons was bang sy been is gebreek. Dawie het erge kop- en snywonde aan sy gesig en bene gehad en het vermoed sy ribbes is gebreek. Hy wou eerder net teen die berg afkom en ons swaer kon hom toe help. Ek het by Liam agtergebly.

Ek kon dit regkry om te midde van al die adrenalien in my are 'n noodnommer deur die internet op te spoor en kon nie glo toe 'n vriendelike stem die oproep onmiddellik beantwoord nie. Ek kan net die spanne en personeel wat daardie dag so vinnig gereageer het, lof toeswaai. Hulle was so behulpsaam en het my die heeltyd op hoogte gehou. 'n Sekuriteitsmaatskappy, die ambulansdienste, brandweer en die NSRI (hul was toevallig op land daardie dag) het almal opgedaag om te kom help.

Ek het begin ontspan toe die nooddienswerkers oorneem om my seun se wonde en beserings te versorg. Die berg was te steil om die ambulans se draagbaar te kon gebruik en die NSRI het toe 'n apparaat wat soos plastiekmandjie lyk, gebruik om Liam teen die berghang af te dra. Na skanderings, ondersoeke en 'n klompie steke, moes Dawie met sy gebreekte ribbes in Hermanus Mediclinic oornag, maar Liam is vroegaand ontslaan – nerfaf en in pyn, maar gelukkig net op krukke.

Die een ding wat ons almal van daardie dag bybly, is die angs dat die insident een of albei van hulle se lewens kon geëis het en die absolute verligting en dankbaarheid toe ons besef het dat hulle die trauma sal oorleef en kan herstel van die beserings wat hulle opgedoen het.

Die twee bergklimmers het onlangs weer die berghang vanaf 'n veilige afstand gaan betrag om te sien presies waar hulle geval het en van vooraf besef dat dit 'n wonderwerk was dat hulle nie baie ernstiger seergekry het nie. Sy pa was miskien Liam se matras, maar Dawie het self 'n engel as vangnet gehad.

'n Verdere positiewe wending van die storie is dat die kamerasak en al die kameratoerusting, selfone, bankkaarte en alles wat weg was, boonop net so deur 'n vriend wat na die tyd daarna gaan soek het, gevind is.

Agterna kan 'n mens ook die humor in die traumatiese gebeurtenis raaksien:

Dawie het 'n groot wond aan sy kuit gehad, wat ek wou verbind. Hy kon darem nog kophou en keer dat ek nie van my klere ontslae raak om dit as verbande in te span nie – Hermanus Mediclinic sou my waarskynlik nie sonder my klere toegelaat het nie.

Een van die nooddienswerkers wat teen die krans na ons toe geklim het, het na die petalje vir my gesê dat hy by homself gedink het dit kan nie so moeilik wees om by ons uit te kom nie, want as ék tot daar kon kom, dan moet hy dit verseker ook kan doen. Ek is nog onseker oor hoe ek die stelling moet interpreteer!

Die Malherbes sal 25 September 2021 altyd as 'n dag propvol genade en getroue, diensbare engele onthou.

| Dawie, Esmé, Liam en Joané is jare lange en aktiewe lidmate van die gemeente. Hulle woon in Swartbergweg.

# ’n Pom-pon-spekkie ter nagedagtenis

**Kallie Vlok, ’n jare lange lidmaat van die gemeente en een van die flukse kwekers van die Kweek-vir- die-Here-span vertel dat hy onlangs na die radioprogram, Omgewingspraatjies, op die RSG-radiostasie geluister het, toe die hantering van ’n afgestorwene se as bespreek is. Tot sy groot verbasing het hy verneem dat die strooi van ’n afgestorwe liggaam se as glad nie ’n omgewingsvriendelike daad is nie. Dit is volgens wetenskaplikes en natuurkenners baie nadelig vir die see, asook vir die aarde.**

Kallie vertel dat die kundiges op die radioprogram voorgestel het dat as nie in die natuur gestrooi moet word nie, maar liewer in ’n kissie gebêre, of begrawe moet word.

“Die inligting het my aan die dink gesit,” sê Kallie, “en ek het toe ’n bykomende omgewingsvriendelike plan beraam, want die familie van ’n afgestorwe persoon het nie noodwendig die geld om ’n nissie in ’n gedenkmuur te koop, of ’n tuin waar hulle die as kan begrawe, nie.

“Ek het ’n derde voorstel. Diegene wat belangstel, kan vir my ’n tuinpot van hul keuse, sonder ’n gat en met ’n deursnee van minimum 20 cm, bring. Daarmee saam moet jy die as wat in ’n afbreekbare sakkie verpak is, aan my besorg. Ek sal dan die as onderin die pot plaas en een van my pom-pon-spekboompies, gratis, saam met die as in die pot plant.

“’n Spekboom verg min aandag en indien die ontvanger van die boom my wenke volg, behoort die spekkie jare lank in die pot te floreer. Indien daar fout gaan met die spekboom en die boompie agteruitgaan, is ek bereid om dit weer gratis te vervang.

“Volgens my hou die bewaring van ’n geliefde se as saam met ’n spekboom baie voordele in. Dit is esteties, mooi, omgewingsvriendelik en kan ook saam met geliefdes verhuis (selfs oorsee), indien dit nodig sou wees.





“Solank as wat die Goeie Vader my spaar, is ek tot diens van almal wat my hulp as kweker en tuinier benodig. Kontak my gerus by kallievlok07@gmail.com of 082 681 4686 indien jy van die spekboomdiens gebruik wil maak.”

# Deon Maree behartig voortaan die terrein



**Deon Maree is 'n man met baie ysters in die vuur en geen onbekende gesig in Stellenberg-gemeente nie. Hy en sy vrou, Rhoanné, saam met hom op die foto, is die afgelope twintig jaar lidmate van die gemeente en Deon het ook eiehandig die gemeentebasaar van 2019 georganiseer.**

Deon en Rhoanné is ook al etlike jare pleegouers vir 'n familiekind en dié jongman is vanjaar 'n eerstejaarstudent aan die Universiteit van Stellenbosch.

Sedert die begin van April het Deon die leisels as terreinbestuurder van die gemeente oorgeneem. "Die terrein kort 'n bietjie opknapping," sê Deon, "en dit sal my aanvanklike fokus wees. Dis vir my belangrik dat die terrein netjies en mooi moet lyk. Dit skep 'n bepaalde beeld van die gemeente en ek is passievol oor die gemeente – seker maar omdat ek al so lank 'n lidmaat hier is en nog altyd tuis in die gemeente gevoel het. Ek was oor die jare heen by verskeie gemeenteaktiwiteite betrokke omdat ek daarvan hou om saam met mense te werk. Ek is 'n eredienswerker en veral die ouer mense lê my na aan die hart. In ons buurt probeer ek ook waar moontlik hulp verleen aan die ouer mense met herstelwerk en ander takies.

"Ek dien op die trusteeraad van die Fairtrees-aftreeoord en bestuur ook 'n mediasie-maatskappy wat mense help met die oplossing van 'n breë spektrum probleme in onder andere verhoudings, asook met likwidasies en siviele kwessies. "Laasgenoemde is gewoonlik op groot ondernemings van toepassing. Dié konsultasiewerk geskied grootliks aanlyn, wat my in staat stel om daarmee voort te gaan al is ek voltyds by die kerk werksaam."

Vir ontspanning geniet Deon die natuurlewe. "Ek is baie lief vir stap in die natuur en visvang, alhoewel ek baie lank laas tyd gehad het om te gaan visvang."

Dit klink asof die woorde: Indien jy iets gedoen wil hê – gee dit vir 'n besige mens, 'n raak beskrywing van die nuwe spanlid op die kerkterrein is. Deon se kundigheid en vaardighede sal beslis 'n aanwins vir die gemeente wees.

*Sterkte met die groot taak, Deon. Red.*

# René se passie vir mense in nood lei tot 'n meestersgraad

**Ds. René Potgieter het te midde van die Covid-19-pandemie en as besige ma van twee tienerseuns en ook voltydse gemeenteleraar, haar hand boonop aan verdere studie gewaag en haar meestersgraad aan die einde van verlede jaar aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.**

"Dit neem twee jaar om 'n meestersgraad te voltooi," sê René. "Ek het die eerste jaar gereeld klas geloop by die universiteit en in die tweede jaar het ek grootliks aan die afhandeling van my skripsie gewerk.

"Die motivering vir die groot taak was tweërlei van aard," verduidelik René. "Ek was reeds twaalf jaar in die bediening en het begin voel dat die wêreld om my, en die bediening wat daarmee saamgaan, baie verander het en dat ek myself 'n bietjie moet opskerp om aan die voorpunt van veranderinge te bly. Tweedens het ek myself betrap dat alhoewel ek graag lees, ek net lees oor onderwerpe wat my interesseer. Die meestersgraad in bedieningspraktyk het my forseer om wyer as my bestaande belangstellings te lees en ek het myself en my kennis van die bediening sodoende verryk.

"Die titel van my skripsie is: *Wat is die rol van pastoraat as deel van 'n gemeente se diakonale werk binne haar roeping om missionaal kerk te wees?* Dis 'n mondvol, maar beteken in kort dat ek bestudeer het hoe 'n mens by mense in nood betrokke kan raak sonder om net vir hulle kospakkies uit te deel. Dit is dikwels nodig om stil te staan by die persoon in nood, sodat jy sy of haar lewensverhaal kan hoor en sodoende die mens agter die probleem kan leer ken en respekteer. Die vinnigste, maklikste en mees praktiese manier van hulpverlening is om met klere en kos die nood aan te spreek, máár dis ook belangrik om nie iemand se menswees in dié proses te misken nie.



"Pastoraat en noodverligting is beide aspekte van die bediening wat my na aan die hart lê. Ek wil graag mense help, maar die begeleiding van mense is vir my net so belangrik. Daarom het ek die twee onderwerpe in my skripsie gekombineer. Ek het besef dit is ook hoe Jesus by mense betrokke geraak het – Hy het fisiese hulp verleen, maar nooit nagelaat om mense oor hulle lewens en verhouding met sy Vader uit te vra nie.

"Terwyl ek met die skripsie besig was, het ek natuurlik diep onder die indruk van die enorme uitdagings in ons eie land gekom. Die nood is so groot en word net groter. Stellenberg-gemeente, saam met alle ander geloofsgroepe en kerke, het 'n baie groot verantwoordelikheid en rol om te vervul in die verligting van nood in Suid-Afrika. Die kerk is vir baie van ons lidmate die spreekwoordelike voertuig wat hulle met die nood in plaaslike gemeenskappe verbind."


Op die vraag of sy haar doktorsgraad hierna gaan aanpak, antwoord René: "Nee dankie – nie in die stadium nie. Twee jaar lank is elke Saterdag, vakansiedag en af-tydjie deur my studie in beslag geneem en dit is nou vir my so lekker om weer vryetyd te hê. Ek kan nou naweke weer sommer 'n gewone storieboek lees en elke Saterdag pak ek 'n parkrun aan. Dit is luukshede wat ek nie sommer nou al wil prysgee nie."

# Ek glo . . . in die kerk

Deur: ds. Marius Breytenbach

**Dit is tans Paasfeestyd en binnekort breek Pinkstersondag aan wat ons herinner aan die uitstorting van die Heilige Gees 50 dae na Jesus se opstanding.**

Die eerste gelowiges het gou besef hoe hierdie gebeure hulle lewens aangeraak het. Christus se dood en opstanding het hulle geloof in nuwe lewe en God se heerskappy oor alles, versterk. Ook het gelowiges mettertyd bely dat God op hierdie manier voortdurend hulle sondes vergewe en hulle met Hom en hul medemens versoen. Die uitstorting van die Heilige Gees het hulle herinner aan die realiteit dat God in hulle midde is om hulle te troos, te lei, te leer en te inspireer. Die Here se opstanding en sy Gees het mense spontaan nader aan mekaar gebring en die krag daarvan het gemanifesteer in liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23). Al hierdie gebeure en gevolge het betekenisvol gestalte gekry in 'n nuwe en baie sigbare vorm: Die kerk. In die Here se groot



wysheid het Hy hierdie gemeenskap geseën met 'n verskeidenheid van persoonlikhede en gawes. Uit die Bybel lei ons af dat God se doel met die kerk iets veel meer was en dat sy koninkryk alles wat Hy geskep het, sou insluit.

Dit is dan ook ons fokus in die gemeente vir hierdie kwartaal. Ons glo in die kerk – 'n gemeenskap van gewone mense met foute, mense wat kan seerkry, maar ook mense wat deur God geseën is met besondere gawes en vermoëns; 'n gemeenskap wat glo in vergifnis en vernuwing en dat ons in diens staan van iets veel groters: Die koninkryk van God.

# Die basaar was eersteklas

**Die basaar het die mooi opbrengs van R86 000 gelewer en was ook vir oud en jonk 'n heerlike saamkuiergeleentheid.**

Karen Visagie en Lindy van Wyk de Vries, basaarorganiseerders, vertel dat die kerrie-en-rys, roosterkoeke en pannekoeke die gewildste kositems op vanjaar se basaar was. Die aktiwiteite wat vir kinders aangebied is, veral die skyfskiet, het ook baie goeie aftrek geniet. Karen en Lindy beoog om volgende jaar die aktiwiteite vir kinders uit te brei en oorweeg selfs 'n talentkompetisie, asook 'n kindermark, waar die jongspan geleentheid gebied sal word om hulle entrepreneursvernuf ten toon te stel.

Die witolifantwinkel was vanjaar een van die gewildste trekpleisters by die basaar en het 'n stewige R16 000 opgelewer. Juliana Visagie en haar span helpers het die tweedehandse ware keurig uitgestal. Juliana sê: "Die witolifantstoor is nou dolleeg! Mense kan maar solank bydraes vir volgende jaar se witolifanttafel by die kerkkantoor afgee. Ons het genoeg stoorplek."

Die basaar was 'n heerlike familiefees en ons maak DV Maartmaand 2023 beslis weer so. Stuur gerus voorstelle of nuwe idees na karen@stellenberg.co.za.

# Die jeugbediening wy ’n nuwe fase in

Deur: Ds. Marius Breytenbach

**Na die impak van die Covid-19-pandemie, asook die bedanking van ds. Hanno Ackerman, jeugleraar, is die jeugkommissie oorgehaal om nuwe lewe in die jeugbediening te blaas. Die gemeente is geseën met ’n energieke en visionêre jeugkommissie, wat die bediening wil uitbou.**

Die eerste stap was uiteraard om die jeugleraarspos te vul en ds. Marius Schoombie (foto regs) is uiteindelik uit 19 aansoeke op 3 Mei deur die kerkraad beroep. Die beroep word vir twee weke aan die lidmate van Stellenberg-gemeente bekend gemaak, waarna ’n amptelike beroepingsbrief aan Marius gerig sal word. Hy het dan weer twee weke geleentheid om op die beroep te reageer en ons vertrou dat indien die proses vlot verloop, hy teen 1 Julie 2022 in Stellenberg sal begin werk.

Marius is tans ’n voltydse leraar by die NG kerk Suidkus in Amanzimtoti. Hy is 29 jaar oud en getroud met Pauline, ’n onderwyseres. Hy het sy teologiese studie met lof aan die Universiteit van Pretoria geslaag, waarna hy sy gemeentejaar in die NG kerk Elarduspark voltooi het.

Marius se geloofsvolwassenheid en sy sterk akademiese fondasie het die kerkraad opgeval, asook sy vermoë om die teologie eenvoudig en prakties aan kinders en jongmense te verwoord. Hy is baie musikaal en het ook ’n groot liefde vir sport en buitemuurse aktiwiteite. Verder het hy die afgelope paar jaar ten spyte van groot uitdagings, sy huidige gemeente met groot sukses gelei.



Saam met die aanstelling van ’n nuwe leraar beoog ons ook heelwat nuwe en praktiese projekte waarby die jeugbediening betrokke gaan raak. Kategesekampe en uitreike sal weer volstoom deel van die bediening se jaarlikse aktiwiteite wees. In die lig van die uitbreiding van die jeugbediening se werksaamhede, hoop die kommissie ook om die jeugkantoor na die onbenutte lokale op die tweede vlak van die grootsaal te verskuif. Die gedagte is om uiteindelik ’n jeugsentrum daar in te rig. Die groter ruimte sal die voorbereiding en pakwerk vir kampe en uitreike heelwat vergemaklik.

Die leraarspan en die jeugkommissie is opgewonde om Marius Schoombie hopelik in die gemeente te verwelkom en ons glo dit sal ’n splinternuwe groeiseisoen vir die jeugbediening inlei.

# Wie doen wat?

**Die leraarspan is weekliks verantwoordelik vir die aanbieding van eredienste, die lei van gedenkdienste, die verbinding van paartjies in die eg, huisbesoeke en die geestelike versorging van lidmate. Daarmee saam is egter ook 'n verskeidenheid ander verantwoordelikhede wat met die effektiewe bestuur van 'n gemeente en die uitleef van ons roeping gepaardgaan.**

Stellenberg-gemeente het tans vier voltydse leraars en een vakante leraarspos. Ds. Why Duvenhage tree einde Julie 2022 af. Met sy aftrede en nadat die huidige vakante leraarspos DV teen einde Mei gevul is, sal die predikantespan steeds uit vier voltydse leraars bestaan. Dr. Theo Swart is op 'n deeltydse grondslag by die gemeente werksaam en so ook ds. Philipp Dietmann, wat as tentmakerleraar funksioneer. Take en bedienings is soos volg tussen die leraarspanlede verdeel:



**Ds. Marius Breytenbach**

- Eredienste – oorhoofse koördinering van preekbeurte en eredienste en die bepaling van aanbiddingstyle.
- Lid van die toerustingskommissie wat o.a. die aanbieding van die kwartaallikse Bybelskool insluit.
- Oorsien eiendomme en finansies en lid van die betrokke kommissies.
- Geselligheid vir nuwe intrekkers.
- Lid van die gemeente se uitvoerende bestuur.
- Lid van die strategiekommissie.
- Voorsitter van die kerkraad.
- Voorsitter van die sinodale taakgroep vir die argief.



**Ds. Philipp Dietmann**

Prediking – hoofsaaklik by die meditatiewe diens



**Ds. Why Duvenhage**

- Lid van die getuieniskommissie en verantwoordelik vir alle uitreikprojekte van die gemeente. Die getuienisbediening verskuif na ds. René Potgieter wanneer ds. Duvenhage aftree.
- Senior kategesebediening en kampe – terwyl die jeugleraarspos vakant is.
- Alle uitreikprogramme.


Vervolg op bladsy 12 . . .



**Ds. René Potgieter**

- Lid van die getuieniskommissie. Dit behels alle uitreikprojekte van die gemeente.
- Gemeentefeeste: ’n Ondersteunende funksie ten opsigte van die aanbieding van alle gemeentefeeste soos die basaar, Karookuier en feesmark.
- Die hantering van alle personeelaangeleenthede en lid van die kommissie vir diensverhoudinge.
- Lid van die strategiekommissie.
- Bestuur die VatVyf-seniorgroep en ondersteunend betrokke by die huiswerkersgroep.
- Betrokke by Vrouebybelstudiegroepe.
- Bied die weeklikse gebedsgeleentheid aan.

**Dr. Theo Swart**



- Dr. Swart bedien slegs die inwoners van die Edelweiss Dienssentrum.



**Ds. Johan Visser**

- Lid van die geestelikesorg-kommissie; rig en bestuur geestelike sorg in die gemeente.
- Aanbieding van die doopkursus vir voornemende doopouers.
- Oorsien klank en beeld by eredienste.
- In ’n ondersteunende rol betrokke by die Stellenberg Terapiesentrum.
- Verantwoordelik vir die bedieningstyl van die familiediens.
- Die bestuur van die gemeente se familiebediening.
- Lid van die omgeetrust.
- Relevantdienste – verantwoordelik vir die aanbieding van dié dienste terwyl die jeugleraarspos vakant is.

# Stellenberg-gemeente se betrokkenheid by Boesmansending in Namibië

Deur: Low Bothma







Foto links: Die kenmerkende bome van die Mangettiduin. Foto middel: Kanovlei se kerkie. Foto regs: 'n Tipiese kleuterskoolgebou in die distrik.

**Stellenberg-gemeente is reeds die afgelope sowat 31 jaar by Boesmansending in die noordooste van Namibië betrokke. Dit het begin toe ds. Willem Malherbe en sy vrou, Hildegarde, in 1991 die jaarlikse Boemansendingkonferensie (soos dit destyds bekend gestaan het) bygewoon het. Die gevolg daarvan was dat Stellenberg-gemeente die werksaamhede van ds. Jaco Rossouw van Luhebu-Noord-gemeente, met Mangettiduin as basis, begin ondersteun het. Alhoewel die bedieningsarea van hierdie gemeente 'n enorme 7 500 km² beslaan, is daar minder as 300 belydende lidmate in die gebied woonagtig!**

Mangettiduin is sowat 210 km noordoos van Grootfontein geleë en vorm deel van die gebied wat in die volksmond as Boesmanland bekend staan. Die standplaas van die ander Boesmangemeente in hierdie streek is op Tsumkwe, die administratiewe setel van die gebied. Verdere Boesmangemeentes in die noordooste van Namibië is Wildevy-gemeente, wat bestaan uit Boesmans op plase in die gebied tussen Grootfontein, Tsintsabis, Tsumeb en Otavi, asook die gemeente te Bagani in die weste van die Zambesia-streek (voorheen bekend as die Caprivi).

Die Boesmanbevolking in hierdie bedieningsgebied bestaan uit verskillende groeperinge wat 'n verskeidenheid van dialekte praat. Talle van hulle het tydens die destydse bosoorlog vanuit die suide van Angola na Namibië uitgewyk. 'n Verdere interessantheid is dat die inwoners van Boesmanland weier om as San-mense bekend te staan omrede die woord San in sommige van hul dialekte 'n slegte betekenis het. Hul dring gevolglik daarop aan om Boesmans genoem te word.

Nadat ds. Jaco Rossouw 'n beroep na Omaruru aanvaar het, is ds. Herman Oosthuizen en sy vrou, Elna, as predikantspaar van Luhebu-Noord-gemeente bevestig. Gedurende hul dienstermyn het talle nuwe projekte die lig gesien. Een hiervan was verskeie kleuterskooltjies wat hul deur middel van hoofsaaklik buitelandse skenkings tot stand gebring het. Elna, 'n opgeleide kleuterskoolonderwyseres, het Boesmanonderwysers en -onderwyseresse geïdentifiseer en opgelei en saam met hulle volledige lesplanne uitgewerk. Dit het 'n nuwe era vir dié kinders ingelui en hulle in staat gestel om baie beter aan te pas wanneer hulle met amptelike skoolopleiding begin. Vandag is daar sowat 17 kleuterskole dwarsdeur die totale bedieningsgebied gevestig.

Vervolg op bladsy 14 . . .

. . . Vervolg vanaf bladsy 13

’n Jaar of twee voordat die Oosthuizens sou aftree, het die rolspelers betrokke by Boesmansending toenemend besef die volhoubaarheid van die geestelike bearbeiding van die Boesmans hang ten nouste saam met die verinheemsing van die bediening. Dit het gelei tot die stigting van DEGNOS (Diens en Getuienis Noord-Oostelike Streek) en die vestiging van ’n teologiese opleidingsentrum in Grootfontein, met ds. Hendrik van Zyl (op daardie stadium predikant van Tsumkwe-gemeente) as bestuurder. ’n Teologiese kursus, wat by Universiteit van Pretoria geakkrediteer is, is saamgestel, en is daar met die opleiding van inheemse geestelike leiers (meestal dienende ouderlinge) begin. Die eerste Boesman-proponente is in 2013, na die suksesvolle voltooiing van ’n vyf-jaar-kursus, gelegitimeer. Dit was ’n geskiedkundige mylpaal wat getuig het van groot genade, baie deursettingsvermoë en reuseopofferings van beide dosente en studente. Die proponente is hierna deur hul onderskeie gemeentes (in veel kleiner areas as met die ou bedeling) beroep en as standplaasleraars, met beperkte verantwoordelikhede, bevestig. Dié predikante ontvang karige salarisse van hul onderskeie gemeentes en maak daarom hoofsaaklik van donkiekarre as vervoermiddel gebruik om gemeentelede te besoek.

In 2015 is die eerste Boesman-predikant tot die DEGNOS-beheerraad verkies. Oorweging word ook daaraan geskenk om in die afsienbare toekoms die eerste Boesman-predikant as lektor by die Teologiese Opleidingsentrum in Grootfontein aan te stel. Na die afsterwe van Hendrik van Zyl in 2020 is Andries Gous aangestel as bestuurder van die DEGNOS-kantoor.

Boesmansending in Namibië beleef inderdaad opwindende tye! Dit is vir Stellenberg-gemeente ’n besondere voorreg om al die afgelope sowat 31 jaar hoofsaaklik by wyse van finansiële ondersteuning deel te kan hê aan hierdie wonderlike bediening.

Aan God al die eer!

# Dis weer uitreiktyd!

Deur: ds. Why Duvenhage

**Die Covid-19-pandemie het die gebruiklike jaarlikse uitreike na ons verskeie uitreikgemeenskappe vir twee lange jare in die wiele gery. Dit was vir ons toegewyde uitreikers wat nie hulle geliefde uitreikdorpe kon bereik nie hartverskeurend, maar meer nog vir die jongmense, kinders en ander gemeenskapslede in daardie gebiede wat die insette van ons uitreikbediening baie gemis het.**

Die goeie nuus is dat, soos die Here wil, ons wel hierdie jaar weer uitreike kan onderneem.

Die volgende uitreike word beplan:

- Calitzdorp en Zoar: 25-30 Junie (saam met die jeug van Stellenberg, La Rochelle, Onrus)



- Beaufort-Wes: Dieselfde datum: 25-30 Junie
- Leeu-Gamka: 1-6 Julie

Ons glo en vertrou dat daar weer ’n groot belangstelling onder jongmense en ander volwassenes sal wees om deel van hierdie lewensveranderende ervaring te raak. Skakel asseblief vir ds. Why Duvenhage of ds. René Potgieter, indien jy enige vrae oor die uitreike het.

# Belydeniskamp: 'n Grootse belewenis

Deur: ds. Why Duvenhage





**Dit het toe uiteindelik gebeur! Vanaf 8-10 April kon 28 matriekleerders van die gemeente weer, soos voorheen, 'n baie opwindende belydeniskamp beleef. Met die Covid-19-grendeltyd en inperkingsmaatreëls was dit lank nie moontlik om hierdie ervaring op 'n kampterrein te kon meemaak nie, maar danksy baie genade kon ons die kamp hierdie jaar weer aanbied.**

Die kamptema was: Ek glo – juis omdat die graad 12's eersdaags hulle geloofsbelydenis gaan aflê. Ek en ds. Johan Visser was die kampkommandante wat die lesings hanteer het en die onderwerpe is dan saam met kleingroepleiers in groepies bespreek. Ons is dankbaar vir die leiding wat leiers, bestaande uit ouers en teologiese student, aan die groep gebied het.

Al die gebruiklike rituele wat oor die jare heen sinoniem met die Apostelbatterykampterrein geraak het, is natuurlik ingespan om die kamptema en die vier belangrike geloofsbelydenisvrae by die jongklomp in te dril. Ondergrondse gebedstasies in 'n ou bunker en 'n enorme kampvuur het gesorg vir vele hoogtepunte die Saterdagaand.

Soos altyd was die staptog na die kruis die Sondagoggend, een van die naweek se hoogtepunte. Hier het jongmense en leiers die voorreg gehad om op 'n pragtige Kaapse herfsdag oor die Atlantiese Oseaan te tuur en saam nagmaal te vier.

Ons is die Here baie dankbaar vir die geloofsvorming van ons jongmense wat geskied deur toegewyde ouers, mentors en kleingroepleiers. Bo alles weet ons, en glo ons, dat hul geloofsoortuiging in die eerste plek bewerk word deur die Gees wat in hul woon en werk.

Ons beste wense en gebede vergesel hulle vir hulle toekoms.



